# Kareeberg Munisipaliteit

## 91/2022 AANBIEDINGE: VERSKEIE VERHURINGS - CARNARVON

Skriftelike, getekende aanbiedinge word hiermee ingewag vir die verhuur van die volgende eiendomme. In die aanbod moet duidelik aangedui word waarvoor perseel aangewend gaan word, sowel as die maandelikse huurgeld.

- Gedeelte meentgrond Carnarvon bekend as vendusiekrale-area
- Gedeelte meentgrond Carnarvon bekend as ou sportgronde (langs nuwe begraafplaas)

**Die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) moet aangeheg wees, sowel as die MBD 1. Die ingevulde vorms MBD 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan ‘n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van ‘n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word.**

Verseëlde aanbiedinge gemerk **“AANBIEDING: VERSKEIE VERHURINGS”** moet die ondergetekende voor of op **VRYDAG, 21 OKTOBER 2022** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word. Die geldigheidsduur van die aanbod moet aangedui word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige aanbieding te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige aanbieding as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

Besware teen die voorgestelde verhuring moet voorts voor of op **21 Oktober 2022** ingehandig word.

**MNR A VAN SCHALKWYK**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

7 OKTOBER 2022

L8.2.1

Noordwester: 7 Oktober 2022